

ONS GESELSTAAL

'N OORSIG VAN GEWESTELIKE SPRAAK
SOOS AFRIKAANS GEPRAAT WORD

DEUR

G. R. VON WIELLIGH

Lid van die Genootskap van Regte Afrikaners,
Erelid van die S.A. Akademie vir Taal, Lettere en Kuns,
Oud-Landmeter-Generaal van die S.A. Republiek

Met 'n Inleiding van
Prof. JOHANNES J. SMITH



VOORWOORD.

Hierdie arbeid is die na-oes van 'n opdrag van Die Genootskap van Regte Afrikaners aan sy lede om aantekeninge van die Afrikaanse spreektaal en eienaardighede te maak. Getrou aan hierdie opdrag het ek reeds in 1876 daaraan begin en het daarmee volhard tot op die huidige dag.

As landmeter het ek hiervoor 'n baie skone geleentheid gehad, want ek moes weke en maande in die huise van so baie mense deurbring; en dis daar waar ons leer hoe die bevolking oor ons hele land praat. Ook het ek al vier Provinsies van die Unie deurreis, alwaar so baie op spraakgebied te leer val. En dit is die skool waar ek my lesse oor die Afrikaanse spreektaal geleer het.

My aantekeninge het ek gerangskik en toe voorlopig in 1921-1922 in *Die Huisgenoot* gepubliseer, waarvan prof. Joh. J. Smith destyds die redakteur was. Aan hom is ek baie dank verskuldig vir sy nuttige wenke wat hy in voetnote onderaan ieder stuk geplaas het. Ek waardeer sy opoffering om my pionierswerk van groter waarde te maak. En nou kan ek met groter vrymoedigheid hierdie stukkie arbeid voor die lesers lê, wetende dat dit as voorloperswerk nog nie volmaak is nie soos dié van geskooldes wat op die voetspore van die padvinder volg en sy weg gemakliker kan vind.

Die materiaal—soos in *Die Huisgenoot* gepubliseer—het ek heeltemal omgewerk, daarvan weggelaat wat onnodig is, en bygevoeg wat ná die publikasie my onder die aandag gekom het en wat so welwillend aan my, op aanklop, deur korrespondente toegestuurd is. En dit bied my meteens die geleentheid aan om al die dames en here wat my met 'n saak van liefde so getrou gesteun het, van harte te bedank en om hulle van my opregte waardering te verseker.

Die omwerking was nodig, omdat in die voorlopige publikasie dinge voorkom waaraan ons nou nie meer glo nie; ook het ek my meer bepaal tot die spreektaal self en het die waardevolle wenke van prof. Smith in die teks ingevleg om storende verwysing na voetnote te voorkom. Die professor het daaromtrent aan my in 'n brief berig:

„My doel destyds met my voetnote was meer om u bewerings aan te vul as te bestry.”

In die samestel van hierdie versameling het ek nie ander skrywers geraadpleeg nie, want waarom moet ek weer gaan publiseer wat reeds in druk verskyn het?—en dan is dit ook nie meer my eie waarnemings nie.

Die naam ONS GESELSTAAL het ek gekies omdat ek nie in die benaming “Dialektiese Afrikaans” glo nie; die onderskeid in die spraak van die verskillende dele van ons land is te onbeduidend vir ons om van *dialekte* te praat. Ek het my dus bepaal by die taal wat in die siel van ons volk gebore is, en wat op die *vlaktes* en tussen die *berge* van Suid-Afrika gehoor word.

DIE SKRYWER.

Hendrina, Transvaal.

§ 38 (a)—Boesmanland	147
§ 38 (b)—Namakwaland	157
§ 39—SPRAAKAFDELING No. 3. Die Binnelande van die Kaapprovinsie	171
§ 40—Sutherland, Prins-Albert, Fraserburg	177
§ 41—Die Graaff-Reinette Taalgebied	180
§ 42—Die Koup—Beaufort-Wes	184
§ 43—Victoria-Wes, Carnarvon, Calvinia	187
§ 44—Prieska, Groot-Hantam	188
§ 45—Colesberg, Aliwal-Noord, Burgersdorp, Dordrecht	189
§ 46—SPRAAKAFDELING No. 4. Suidelike Distrikte: Swel- lendam tot Port-Elizabeth	193
§ 46 (a)—Swellendam	194
§ 47—Oudtshoorn, Riversdal, George, Knysna	197
§ 48—Humansdorp, Uitenhage	199
§ 49—SPRAAKAFDELING No. 5, Oostelike Distrikte: Port Elizabeth tot Basoetoeland	200
§ 50—Alexandrië	202
§ 51—Somerset-Oos, Pearston, Cradock	202
§ 52—Victoria-Oos, Peddie, Brits-Kafferland, Cathcart	204
§ 53—SPRAAKAFDELING No. 6. Vrystaat in sy Geheel	208
§ 54—Jacobsdal	211
§ 55—Wepener	212
§ 56—Bethlehem	212
§ 57—Senekal	214
§ 58—Koppies	216
§ 59—Boshof	217
§ 60—SPRAAKAFDELING No. 7. Natal in sy Geheel	218
§ 61—SPRAAKAFDELING No. 8. Oostelike Transvaal	223
§ 62—SPRAAKAFDELING No. 9. Westelike Transvaal	235
§ 63—SPRAAKAFDELING No. 10. Griekwaland-Wes en Betsioeanaland	237
§ 64—Griekwaland-Wes	239
§ 65—Betsjoeanalandse Spraak	242

DERDE PART.

§ 66—Inleiding tot Woordbespreking	247
§ 67—Bespreking van enige Woorde	248

VIERDE PART.

§ 68—Opmerkings en Aanmerkings	258
§ 69—Uit Colesberg, K.P.	258
§ 70—Uit Bethlehem, O.V.S.	260
§ 71—Uit Bethal, Tvl.	261
§ 72—Orals vandaan	264
§ 73—Trompsburg, O.V.S.	267

VYFDE PART.

§ 74—Kaapstadse Afrikaans	273
§ 75—Hugenote-Kerkhof in Franshoek	287
§ 76—Hugenote-Kerkhof in Daljosaphat	290
§ 77—Slotwoord	292

NAAMLYS VAN DAMES EN HERE WAT GOEDGUNSTIG
MY WOORDELYS MET PLAASLIKE SPRAAK VAN HUL
ONDERSKEIDELIKE DISTRIKTE VERGELYK HET.

KAAPPROVINSIE.

Alexandria: Ds. H. A. Hanekom.
Aliwal-Noord: Ds. C. W. du Toit.
Beaufort-Wes: Ds. J. G. Steytler.
Betsjoeanaland: Ds. A. R. Albertyn.
Bredasdorp: Ds. D. J. Viljoen, Mnr. C. F. M. de Kock.
Brits-Kafferland: Prokureur P. J. J. Burmeister.
Clanwilliam: Mej. Kittie von Wielligh, Mej. Mollie Visser,
Mej. Maria Visser.
Colesberg: Dr. H. A. Lamprecht, A.T.V.
Franshoek: Ds. van Wyk, Abraham Lambrechts.
George: Ds. J. A. Beyers.
Graaff-Reinet: Prof. dr. B. B. Keet.
Griekwaland-Wes: Ds. J. J. Wessels, Mej. Miems Haumann.
Humansdorp: Ds. C. H. Stultingh.
Kaapstad: Eerw. H. N. van Niekerk, Mej. Sarah Goldblatt.
Kenhardt: Ds. J. F. Mentz.
Namakwaland en Boesmanland: Mnr. E. de Roubaix, Mnr.
B. J. P. van der Merwe, Mnr. J. D. A. Crafford.
Oudtshoorn: Mej. Maria von Wielligh.
Paarl: Mnr. Isaak Bernhardi.
Pearston: Ds. J. A. Koch, C. Coetzee.
Prieska: Ds. W. J. du Toit.
Robertson: Ds. H. P. van der Merwe.
Somerset-Oos: Ds. J. M. Hofmeyr.
Stellenbosch: Prof. J. J. Smith, Dr. D. B. Bosman.
Sutherland: Ds. J. A. Volsteedt, Mnr. J. de Vos Meiring.
Swellendam: Mevr. M. E. Rothmann.
Tulbagh: Mnr. D. B. van Rensburg.
Uniondale: Mnr. W. G. Schaap.
Victoria-Oos—Peddie: Ds. J. P. Kriel.
Victoria-Wes: Ds. M. S. Daneel.
Wellington: Mnr. C. P. Hoogenhout.

ORANJE-VRYSTAAT.

Bethlehem: Ds. C. A. van der Merwe, Mnr. J. D. Pretorius.
Bloemfontein: Mnr. D. F. du Toit (Oom Lokomotief).

Boshof: Ds. A. J. Malherbe.
Jacobsdal: Ds. A. A. Weich.
Koppies: Ds. C. Ferreira.
Senekal: Ds. H. Pienaar.
Smithfield: Ds. J. Blignault.
Trompsburg: Mnr. A. E. Viljoen.
Wepener: Ds. N. J. van der Merwe.

NATAL.

Ladysmith: Ds. A. R. Albertyn.
Pietermaritzburg: Adv. E. G. Jansen, Mevr. E. G. Jansen.

TRANSVAAL.

Bethal: Mnr. J. J. A. Schoeman.
Middelburg (Hoëveldse spraak): Mevr. M. W. von Wielligh.

MOSAMBIEK.

Lourenço-Marques: W. J. Letchford, Eerw. H. L. Bishop.

'N WOORD TER INLEIDING.

Die heer Gideon Retief von Wielligh is een van die paar nog oorblywende lede van die Genootskap van Regte Afrikaners, opgerig op 14 Augustus 1875 aan die Pêrel, met die opsetlike doel om Afrikaans tot skryftaal te verhef. Aan die beginsels neergelê deur daardie Genootskap het hy sy hele lewe lank getrou gebly, en tot vandag toe nog is hy 'n onvermoeide yweraar en werker in belang van die Afrikaanse saak. Sy talryke geskifte, opgestel in 'n maklik-verstaanbare taal, sonder enige aangeleerde opsmuk, was in die eerste plaas bedoel om die nie-lesende gedeelte van ons volk te bereik; en dit ly nie die minste twyfel dat sy boeke werklik baie van daardie klas mense bereik en aan die lees gebring het nie. Dit is sy grootste verdienste, en daarvoor sal ons hom altyd innig dankbaar wees.

Die heer Von Wielligh is daar self volkome bewus van dat baanbrekerswerk altyd aan allerhande gebreke mank gaan, en dat dit onmoontlik so afgerond en volmaak kan wees as die prestasies van later knappe en geskoolde volgelinge vol selfvertroue en vaste kennis. Dit is nou eenmaal so: Die voortrekker na 'n nuwe land het nie 'n gebaande pad om op te reis nie en moet dikwels ongemaklik rondval en spartel; die gebaande pad kom eers veel later—wanneer die ontdekte streke ontwikkel en bewerk is. Baanbrekerswerk is meestal moeilike werk; en as dit beoordeel word, dan moet daar deeglik rekening gehou word met die tyd waarin en die omstandighede waaronder dit ontstaan het. Hierdie billike beginsel word nie altyd deur ons Afrikaanse krietisie genoegsaam op die voorgrond gestel nie—en die gevolg is nie alleen dat hulle kritiek eensydig word nie, maar ook dat hulle onnodig aanstoot gee aan noglewende werkers, wat tog as ondernemende ontdekkers en eerste ontginners verbasend veel tot stand gebring het.

Ons Geselstaal is ook weer 'n belangrike stuk pionierswerk. Elkeen wat met 'n bietjie opmerkingsgawe geseën is, of wat oor 'n sekere hoeveelheid taalkennis beskik, sal dadelik op baie plekke aanvullings kan maak of verbeteringe kan aanbring; maar wat hy ook al van die werk mag dink, van één ding kan hy seker wees: Geen Afrikaanse taalvorser van enige betekenis sal dit kan regkry om van

Ons Geselstaal geen notiesie te neem nie. En die rede is duidelik: Die werk bevat 'n massa uitspraakvorme, woorde en uitdrukkinge opgeteken deur iemand wat Suid-Afrika van die een hoek na die ander as landmeter deurreis het, of deur persone wat hy oor die hele land vir die saak wis te interesseer. Sulke taalversamelinge verskaf kosbare gegewens vir later studie en word ook 'n uitgangspunt vir verder waarneming en ondersoek.

Dit is my besonder aangenaam gewees dat ek 'n handjie kon help by die gereed-maak van die handskrif van *Ons Geselstaal* vir die pers en by die nasien van die drukproewe. Op versoek van die skrywer het ek verbeterinkies in uiterlikhede soos spelling en interpunksie aangebring. Waar woorde of sinne egter aangehaal of bespreek word, is daar—afgesien van die verbetering van 'n paar duidelike verskrywinge—nie aan die spelling of taalvorm getorring nie; en natuurlik is ook die inhoud en die rangskikking van die stof onverander gelaat.

Ek hoop ons Afrikaanse taalvorsers en taalliefhebbers sal hierdie werk met belangstelling ontvang en ook hulle bes doen om by wyer kringe belangstelling te wek, nie alleen vir hierdie boek oor „ons geselstaal” nie, maar vir „ons geselstaal” self. As dit gebeur, dan sal ons nie tevergeefs na „die laaste stem uit die Genootskap van Regte Afrikaners” geluister het nie, en dan sal hierdie werk die eerste wees van 'n lang reeks studies en ondersoekinge op die gebied van ons volkstaal.

JOHANNES J. SMITH.

Stellenbosch,

4 November 1925.